



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

**NOVEMBER 2012**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Korter teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

    - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
    - Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld, ’n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
    - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
    - Dui die beplanning duidelik aan.
    - TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

    AFDELING A: 60 minute
    AFDELING B: 30 minute
    AFDELING C: 30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

### VRAAG 1

### 1.1 EK SAL NOOIT MY MATRIEKJAAR VERGEET NIE

Jou matriekjaar was die beste jaar van jou lewe!

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van die goeie tye in 2012.



[Uit: *Life Orientation for the Real World*]

Dink aan die volgende:

- Watter wonderlike dinge het die afgelope jaar met jou gebeur?
- Wanneer het al hierdie dinge gebeur?
- Wie het dit alles saam met jou beleef?
- Waarom sal jy dit nooit vergeet nie? **[40]**

### 1.2 WATER IS LEWE

Water is baie belangrik in ons lewens.
Alles en almal op aarde het water nodig om te lewe.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel of beskryf hoe belangrik water is en hoe water gebruik en bespaar kan word.



[Uit: Clip Art]

Dink aan die volgende:

- Waarvoor word water alles gebruik?
- Vanwaar kry ons die water wat ons gebruik?
- Wat het alles water nodig om te leef?
- Hoe kan ons water bespaar? **[40]**

1.3 **'N PERFEKTE DAG**

In die lewe kry 'n mens min perfekte dae, maar jy het 'n perfekte dag gehad.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel of beskryf van 'n dag in jou lewe wat perfek was.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur wat daardie dag perfek gemaak het?
- Wie het gehelp om daardie dag perfek te maak?
- Waarom was daardie dag perfek?
- Hoe het jy na daardie perfekte dag gevoel?

**[40]**

1.4 **LAAT EK MY VOORSTEL**

Jy is uniek. Daar is nie nog iemand soos jy nie.

Skryf 'n opstel waarin jy van jouself vertel en jou persoonlikheid beskryf.



[Uit: Clip Art]


Dink aan die volgende:

- Wie is jy en waarvan hou jy?
- Wat maak jou gelukkig of ongelukkig?
- Wat is jou goeie en swak eienskappe?
- Wat is jou toekomsdrome?

**[40]**


1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1




[Uit: *Oxford Life Orientation*] **[40]**

1.5.2




[Uit: *Oxford Life Orientation*] **[40]**


1.5.3



[Uit: *LO Vandag*]

**[40]**

1.5.4




[Uit: *Oxford Life Orientation*]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

### VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Dit is die einde van jou matriekjaar en jy gaan nou die huis verlaat.

Skryf ŉ brief aan jou pa of ma om dankie te sê vir alles wat hy/sy vir jou gedoen en beteken het.

Dink aan die volgende:

- Waarvoor wil jy jou pa/ma bedank?
- Waarom is hy/sy ŉ spesiale persoon in jou lewe?
- Watter spesiale eienskappe het hy/sy?
- Watter lewenslesse het jy van jou pa/ma geleer? **[20]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Peppies Skoenwinkel is ŉ groot skoenwinkel op jou dorp.

Peppies het skoolskoene baie goedkoop in die koerant geadverteer. Jy het die winkel besoek en gesien dat die skoene duurder as in die advertensie was.


Skryf ŉ brief aan die bestuurder van Peppies Skoenwinkel waarin jy kla omdat die skoolskoene in die winkel duurder was as in die advertensie. Gebruik die volgende adres: Peppies Skoenwinkel, Posbus 8435, Johannesburg, 2000.

Dink aan die volgende:

- Wat is die probleem?
- Hoekom is die verskil in prys ŉ probleem?
- Waarom laat dit jou ongelukkig voel?
- Wat dink jy kan gedoen word om die probleem op te los? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Lees Sipho se woorde in die prentjies hieronder en voer die opdrag uit.




[Uit: *Oxford Life Orientation*]

Skryf die gesprek tussen Sipho en Anna neer toe hy by haar huis aangekom het.

Begin die gesprek só:

Sipho: Hallo Anna, ons is almal bekommerd oor jou. Waar was jy? Is alles reg?
*(Reël oop)*
Anna: Nee, dit gaan nie goed nie …
*(Reël oop)*
Sipho: …
*(Reël oop)*
Anna: …
*(Reël oop)*

**LET WEL:** Laat ŉ reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **VERSLAG**

Julle het ŉ matriekafskeid by julle skool gehou.

Skryf nou ŉ informele verslag sodat die graad 11-leerders wat volgende jaar se matriekafskeid reël, presies sal weet wat daar gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wanneer en waar het die matriekafskeid plaasgevind?
- Wat het alles tydens die matriekafskeid gebeur?
- Wat het die matrikulante baie geniet?
- Wat kan met die volgende matriekafskeid verbeter word? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKS


Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

### VRAAG 3

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Jy organiseer 'n provinsiale koorkompetisie. Jy het gehoor van 'n skool met 'n baie goeie koor en jy wil daardie koor uitnooi.

Skryf 'n uitnodigingskaartjie aan daardie skool om die koor uit te nooi om aan die koorkompetisie deel te neem.


[Uit: Clip Art]

Dink aan die volgende:


- Wie word uitgenooi?
- Wanneer, waar en hoe laat gaan die kompetisie plaasvind?
- Wie is die kontakpersoon, wat is die kontaknommer en hoe moet die skool antwoord?
- Watter ander nodige inligting kan gegee word?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **ADVERTENSIE**

Daar is twee tennisbane op julle dorp gebou waar jongmense kan leer tennis speel. Jy wil hierdie jongmense motiveer om te kom leer tennis speel.

Beplan en ontwerp 'n advertensie vir die plaaslike koerant.


[Uit: Google Pictures]

Dink aan die volgende:

- Waar is die tennisbane?
- Wanneer gaan julle oefen?
- Wie gaan die spelers afrig?
- Wie is die kontakpersoon en wat is sy/haar kontaknommer en adres?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

Kopiereg voorbehou

3.3 **STROOIBILJET**

Alle graad 12-leerders moet identiteitsdokumente hê om te registreer vir die graad 12-eksamen. Die meeste kandidate in jou graad 12-klas het nog nie identiteitsdokumente nie.

Die skoolhoof het jou gevra om ŉ strooibiljet te maak waarin jy die graad 12-leerders inlig oor die proses wat gevolg moet word om ŉ identiteitsdokument te kry.

Ontwerp en maak ŉ strooibiljet vir die graad 12-leerders in jou skool om hulle te vertel dat hulle ŉ ID moet hê en ook hoe om dit te kry.




[Uit: Google Pictures]

Dink aan die volgende:

- Hoekom moet jy ŉ identiteitsdokument hê?
- Waar en wanneer kan jy aansoek doen vir jou identiteitsdokument?
- Wat moet jy alles saamneem wanneer jy wil aansoek doen?
- Wie kan gevra word vir hulp?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou